Beste kollega

Ons hoop dit gaan goed met julle almal, dat julle veilig is en dat die derde vlaag julle nie te veel ontwrig nie.

Ons skryf vir julle as die Algemene Sinode se werkgroep wat die handleiding vir missionale roeping, In Pas, in die kerk help uitrol.

Op ons laaste vergadering het ons daaraan gedink dat baie ringsdiensrade / -kommissies tans besig is om te besin oor die formaat en inhoud van vanjaar se ringsittings. Van die werkgroep se kant wil ons twee praktyke in die handleiding aan julle voorstel. Dit sit die soort vrae op die tafel wat 'n kerk vra in tye van onsekerheid en vasgelooptheid. Dit is ook vrae wat werk as mens 'n aanlyn vergadering hou.

Kyk asb na die uittreksels uit die handleiding hieronder. Miskien kan dit julle help met die beplanning van julle eie ringsitting in hierdie turbulente tye.

Baie dankie dat ons julle hiermee kan pla.

Saam in sy diens

Lourens Bosman, Gert Cordier, Tom Smith, Pieter vd Walt.

Praktyk#13: VRA GODSVRAE

God kan geken word. God is aktief betrokke by die kerk en die skepping. Daarom vra ons in geloofsonderskeiding vrae oor Wie God is en waarmee God besig is. Godsvrae fokus ons gesprekke op die aktiewe teenwoordigheid van die Drie-enige God in ons midde.

Indien 'n vergadering gereeld die praktyk beoefen om Godsvrae te vra, help dit die vergadering om nie so vinnig vas te val in kleiner of selfs onbenullige sake nie. *(The main thing is to keep the main thing the main thing.)*

Die volgende is voorbeelde van Godsvrae. Vrae kan afgewissel en aangepas word volgens die aard van die byeenkoms:

• Wie is God? (Geloofsonderskeiding is om God opnuut te ontdek in die situasie waar die gemeente nou is.)

• Wat is God nou besig om te doen? (Hierdie vraag help juis in tye wanneer mense dink dit gaan baie sleg.)

• Wat is God besig om vir ons te sê? (Hier kan ons veral ook luister na die getuienisse van lidmate.)

• Aan wie behoort hierdie kerk/ring/gemeentes? Watter implikasies het die antwoord hierop? (Dit help om te onthou dat die kerk nie aan ons behoort nie, maar aan God en dat Christus die Hoof is van die kerk.)

• Wat is God se wil vir die kerk/ring/gemeentes? (Dit is altyd groter en anders as wat ons dink.)

Praktyk #14: LUISTER NA DIE GEES

Dit het groot waarde om gereeld te vra: *Hoe het die Gees ons die afgelope tyd bevestig en hoe het die Gees ons ontwrig?*

Die *ontwrigting* kan insluit dat God ‘n deur laat toegaan het, gewys het op ‘n blindekol, of ons bewus gemaak het van iets wat ons sal moet afleer. Ons hou nie hiervan nie, maar dit is belangrik om hierdie negatiewe emosies te erken. Kry dit gesê. As daar byvoorbeeld verwoestende brande in die omgewing was, of ‘n uitmergelende droogte, of wanneer eindelose kerklike debatte energie in die gemeente dreineer en lewe doodwurg, dan staan God nie los daarvan nie.

Die *bevestiging* kan insluit dat God nuwe verbeelding by ons oopgemaak het, ons ‘n nuwe gewoonte laat ontdek het wat ons sal moet inoefen, of ‘n deur oopgemaak het.

Gee aan elke deelnemer die geleentheid om aan die hand van die volgende diagram met die groep te deel hoe God hom of haar die laaste tyd ontwrig of bevestig het. Die vrae wat mens kan vra, is die volgende:

<u>Wat is ontwrigtend?</u>

- Waar word ons gestop? Wat presies is dit wat moet stop?”
- Is daar bepaalde blindekolle waarvan die Gees ons bewus wil maak? (byvoorbeeld: ’n Godsbegrip of kerkbegrip van waaruit ons vasgeloop-wees voortvloei? Gaan ons sterf of moet ons leer om anders te dink?)
- Is daar sekere houdinge of gedrag wat ons sal moet afleer?

<u>Wat is bevestigend?</u>

- Waartoe wil die Heilige Gees ons innooi? Watter geleenthede sien ons?
- Wat is die nuwe visie wat na vore kom? Is daar dalk ’n nuwe soort verbeelding wat die Gees by ons wil skep? (Oor wie God is; oor sy koninkryk; oor ’n nuwe manier van kerk-wees)
- Wat moet ons aanleer? Is daar sekere houdinge, praktyke, gewoontes of gedrag wat ons moet inoefen?